



Enkele aspekte met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied in 'n multikulturele Suid-Afrika

E.J. Smit
Vakgroep Teologie
Vaaldriehoekcampus
Noordwes-Universiteit
VANDERBIJLPARK
Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas
E-pos: smitej@mweb.co.za

Abstract

A few aspects regarding the reformed worship service and liturgical song in a multicultural South Africa

Worship originates within a specific culture. Because cultures are constantly changing and developing, the church also has to deal with change in its worship services. In postapartheid South Africa, with its variety of cultures, the reformed churches will increasingly have to take cognisance of the realities and issues brought about by its multicultural context. When focusing in this regard on one of the important acts in reformed worship, namely the liturgical song, some fascinating issues present themselves. It shows that the reformed churches in South Africa are indeed facing exceptional challenges. In the liturgical song God affords his church the perfect gift with which these challenges can be met. If handled in the Biblical way, the reality of a multicultural context becomes an opportunity to witness to the world the forgiveness and reconciliation through Jesus Christ.

Opsomming

Enkele aspekte met betrekking tot die gereformeerde erediens en kerklied in 'n multikulturele Suid-Afrika

Die erediens kry beslag binne 'n spesifieke kultuur. Omdat kulture gedurig besig is om te verander en te ontwikkel, sal die kerk in ook sy eredienste voortdurend te staan kom voor verandering. In 'n postapartheid Suid-Afrika met sy verskeiden-

heid kulture, sal die gereformeerde kerke toenemend moet rekening hou met die werklikhede en kwessies van 'n multikulturele konteks. Wanneer in hierdie opsig gefokus word op een van die belangrike handeling in die gereformeerde erediens, naamlik die kerklied, kom fassinerende aspekte na vore. Dit toon aan dat die gereformeerde kerke inderdaad gekonfronteer word met besondere uitdagings. In die kerklied gee die Here sy kerk 'n uitnemende gawe waarmee hierdie uitdagings aangepak kan word. Wanneer dit op die regte Bybelse wyse hanteer word, word die realiteit van 'n multikulturele konteks 'n geleentheid om in die wêreld getuie te lewer van die vergifnis en versoening deur Jesus Christus.

1. Inleiding

Die erediens is die hartklop van die kerk. Dit is 'n unieke geleentheid waartydens die almagtige God van hemel en aarde op 'n besondere manier sy kinders ontmoet, terwyl hulle terselfdertyd ook mekaar ontmoet. Sonder hierdie samekoms kan die kerk nie funksioneer nie.

Die erediens kry beslag binne 'n bepaalde kultuur. Omdat kulture deurentyd besig is om te verander en te ontwikkel, is dit 'n gegewe dat die kerk voortdurend met verandering in die erediens te doen sal hê. Die postapartheid Suid-Afrikaanse samelewing met sy veelheid kulture en eiesoortige sosiopolitieke omstandighede, veroorsaak dat die kerk hom toenemend in 'n situasie bevind waar rekening gehou moet word met die werklikhede wat 'n multikulturele konteks meebring.

Hierdie artikel word geskryf met die konteks van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika in gedagte. Dit sluit in alle kerke van gereformeerde oorsprong, waarvan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) deel vorm. In die artikel word spesifiek ondersoek gedoen na die uitdagings wat die werklikheid van 'n multikulturele konteks vir die inrig van die erediens en die gebruik van die kerklied vir die gereformeerde kerke in Suid-Afrika inhou. Eerstens word verwys na die uitdagings wat 'n multikulturele konteks vir die inkleef van die erediens inhou, waaronder aspekte soos kommunikasie asook aanpassing en vernuwing in die erediens aan die orde kom. Daarna verskuif die fokus na die kerklied as een van die handeling in die erediens, met 'n spesifieke fokus op prinsipiële riglyne vir die kerklied, asook ontwikkelings wat die kerklied deur die eeue tot vandag ondergaan het. Laastens word die verband met die werklikheid van 'n multikulturele konteks getrek wanneer enkele aspekte met betrek-

king tot musiek en die kerklied in 'n multikulturele gereformeerde erediens ondersoek word.

Hoewel daar nie in 'n artikel van hierdie aard in besonderheid op elke aspek gefokus kan word nie, kom fassinerende kwessies tog in 'n kursoriese ondersoek na vore. Dit toon duidelik aan dat die gereformeerde kerke in Suid-Afrika voor besondere uitdagings te staan gekom het.

2. Die erediens in 'n multikulturele konteks

Wanneer oor 'n multikulturele konteks besin word, is dit belangrik om duidelikheid te hê oor die begrip *kultuur*. Hierdie begrip verwys nie bloot na die kunste nie, maar dit is 'n omvattende verwysing na die doen en late van die mens (Padilla, 1981:63). Kultuur kan bestempel word as die resultaat van die mens se totale omgang met God, sy medemens en die natuur, waarin die religieuse en lewensbeskoulieke dimensies van menswees 'n bepalende rol speel. Die vorming van kultuur is 'n dinamiese en veranderende proses, waarin nie slegs die ervarings van die mens sy kultuur beïnvloed nie, maar waarin die kultuur van 'n mens ook sy sosiale, ekonomiese en politieke lewe beïnvloed (Van der Walt, 1999:73).

In 'n wêreld waar kulturele isolasie al hoe minder voorkom en mense van verskillende kulture op allerhande maniere met mekaar kennis maak, gebeur dit toenemend dat mense van verskillende kulturele agtergronde as gelowiges ook saamkom in die erediens. Omdat die plek waar die kulturele interaksie plaasvind in 'n groot mate die riglyne vir elkeen se optrede daarin bepaal (mense by 'n sportstadion tree byvoorbeeld anders teenoor mekaar op as by 'n kerkgebou) (Rubin & Stewart, 1998:25), spreek dit vanself dat kulturele interaksie in die erediens eiesoortig sal wees. Die aard en wese van die erediens (as die amptelike samekoms van die Here met sy kerk) bepaal dat mense op 'n sekere manier optree wanneer hulle saamkom om te aanbid.

Die begrip *multikulturele konteks* het te doen met die situasie waar mense vanuit meer as een kulturele agtergrond bymekaar is en met mekaar omgaan (Smit, 2007:6). Vir die kerk en die erediens het dit bepaalde implikasies wanneer daar sprake is van 'n multikulturele konteks. In die Nuwe Testament word die kerk van die Here dikwels uitgebeeld waar Hy 'n nuwe volk vir Homself vergader uit alle stamme, tale en nasies. Gaede (1993:63) gaan selfs so ver om te beweer dat alleen 'n multikulturele kerk ware kerk kan wees. Volgens Moeller (1998:143) gaan God se grootheid en almag ver bo enige

spesifieke vorm van liturgie uit. Hy kan nie vasgepen word in 'n enkele tipe erediens nie. Hy kan ook nie beperk word om alleen op een bepaalde manier (vanuit een bepaalde kulturele agtergrond) in 'n verhouding met lidmate van sy kerk te staan nie. Diversiteit is 'n gegewe binne die kerk. Daarom is daar nie in die Bybel spesifieke detailvoorskrifte vir die inkleding van die erediens nie (Moeller, 1998:143). Die Bybel skryf nie 'n monolitiese vorm of taal vir die erediens voor nie. Diversiteit word erken (1 Kor. 12:1-31; 1 Kor. 14: 1-40; Ef. 4:1-16; Kol. 2:16-23) en gelowiges uit verskillende kulturele agtergronde word die ruimte gegun om hulleself op eiesoortige wyse liturgies uit te druk (Maynard-Reid, 2000:19, 45). Tekenend hiervan is die wye verskeidenheid tale, liturgiese vorms, style, kleredragkodes, musiek en ander kunsvorme waarmee God vandag wêreldwyd aanbid word (vgl. *Experiencing worship*, 2001a).

Dit is voor die hand liggend dat 'n multikulturele konteks verskeie uitdagings met betrekking tot die erediens en die inkleding daarvan laat ontstaan. 'n Paar van hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

2.1 Kommunikasie in 'n multikulturele erediens

Die erediens is 'n dialogiese gebeure waar die ontmoeting tussen die Here en sy kerk, asook tussen die lidmate onderling, plaasvind. In die erediens is kommunikasie van die uiterste belang en hiervoor word veral van kulturele uitinge soos taal en musiek gebruik gemaak. Uiteraard moet alle deelnemers kan verstaan waaroor dit gaan en wat gekommunikeer word. Wanneer die erediensdeelnemers nie almal uit dieselfde kulturele agtergrond kom nie, skep dit bepaalde probleme. Kontekstualisering van die evangelie is uiters belangrik vir elkeen wat deelneem aan die erediens (Roxburgh, 1993:65-73).

Iemand vanuit 'n ander kultuur as dié waarbinne die erediens beslag kry, kan nie bloot die taal wat in die erediens gebruik word aanleer, met die hoop dat die evangelie só aan hom oorgedra sal word nie (Gittins, 1989:67). Die evangelie moet eers uit die kulturele bepaaldheid van die eie taal losgemaak word voordat dit oorgedra kan word na die taal van die ander kultuur, vanuit die oorspronklike tale van die Bybel self. Om die werklike, diep waarheid van die evangelie te kan verstaan, is dit dus nodig om eers die kulturele lae daarvan af te skil, ten einde by die kern daarvan uit te kom (Groome, 1994: 123). Eers dan kan die persoon uit die ander kultuur die erediens met werklike begrip en insig verstaan en volledig daaraan deelneem. Dit spreek vanself dat effektiewe kommunikasie in 'n multi-

kulturele erediens nie moontlik is sonder 'n omvattende en verreikende proses nie, veral wanneer in ag geneem word dat daar in hierdie proses ook nog rekening gehou moet word met die spesifieke persoonlike spiritualiteite van elke lidmaat.

In bogenoemde proses waarin gepoog word om die kommunikasie in die erediens so effektief as moontlik te hou, is hermeneutiek van die uiterste belang. Volgens Groome (1994:126-129) is 'n voortdurende herinterpretasie van die teks van die Bybel nodig, asook 'n herhaalde toepassing daarvan in elkeen se eie kultuur. Iemand vanuit 'n ander kultuur as dié waarin die erediens beslag kry, moet dus altyd gelei en aangemoedig word om binne sy eie kultuur uitdrukking te gee aan die waarhede van die evangelie, hoewel hy deelneem aan 'n multikulturele erediens.

2.2 Aanpassing en vernuwing

Omdat kulture deurentyd besig is om te ontwikkel en te verander, is dit 'n gegewe dat daar ook 'n voortdurende verandering sal wees in die lewensuitkyk van diegene wat deel vorm van 'n bepaalde kultuurgroep (Roxburgh, 1993:73). Selfs binne 'n bepaalde kultuurgroep is daar ook 'n verskeidenheid (en dikwels uiteenlopende) ontwikkelings wat plaasvind. Dit is dikwels só dat sommige lidmate voortdurende verandering en ontwikkeling in die erediens soek, terwyl ander eerder deurlopende stabiliteit wil hê (Moeller, 1998:142). Sommige lidmate soek na 'n formele benadering in die erediens, terwyl ander 'n meer informele benadering wil hê. Vir sommige staan 'n reflektiewe, peinsende inslag voorop, terwyl ander 'n meer aktiewe inkleding van die erediens verkies (Corbitt, 1998:69-70). Selfs in kerke met lidmate van dieselfde kulturele agtergrond speel elkeen se eie soort spiritualiteit, begrip van die erediens en beleving van kultuur 'n bepaalde rol by die inkleding van die erediens (Corbitt, 1998:79). Vir kerke in 'n multikulturele konteks hou dit groot uitdagings in, omdat die erediens deurentyd kontekstueel moet bly vir elkeen wat daaraan deel het (vgl. Bosch, 1991:456). Volgens Spinks (1993:42) is dit nie sonder rede nie dat daar wêreldwyd tans juis groei is in kerke waar erediens spesifiek op bepaalde groepe of sub-kulture gerig word.

Om die erediens in 'n multikulturele konteks sodanig in te klee dat dit vir al die lidmate kontekstueel bly, is nie 'n eenvoudige proses nie. Dit is veral belangrik dat kulturele en etniese faktore deeglik en met groot sensitiwiteit verreken word (White, 1990:37). In 'n post-apartheid Suid-Afrika is dit een van die groot uitdagings waarmee die kerk toenemend te doen het.

Die Lutheran World Federation het in hulle nadenke oor multikulturele erediens tot die volgende bruikbare riglyne gekom (Lutheran World Federation, 1996):

- Die erediens moet transkultureel wees (dieselfde inhoud moet vir almal uit verskillende kulture toeganklik wees, afgesien van die spesifieke kulturele agtergrond waarbinne die erediens plaasvind).
- Die erediens moet kontekstueel wees (die inkleding moet bepaal word deur die plaaslike natuurlike en kulturele situasie).
- Die erediens moet kontrakultureel wees (dit wat nie inpas by die evangelie nie, moet nie deel van die inhoud van die erediens gemaak word nie).
- Die erediens moet kruiskultureel wees (sekere elemente wat gemeenskaplik tussen verskillende plaaslike kulture voorkom, moet met mekaar gedeel word).

Soos uit bogenoemde riglyne duidelik blyk, moet die kerk met groot wysheid, deernis en sensitiwiteit te werk gaan wanneer gepoog word om die erediens vir alle deelnemers kontekstueel te maak. In hierdie proses het meerderwaardigheid geen plek nie. Volgens Gaede (1993:65-71) is Christelike liefde die sleutel tot versoening en eenheid in 'n multikulturele erediens. Dit behels dat lidmate uit verskillende kulturele agtergronde mekaar in liefde akkommodeer. Dieselfde liefde wat Christus geopenbaar het toe Hy die grense van kulturele verwyderdheid oorgesteek het, moet in die kerk na vore kom. Indien dit nie ook in die erediens reflekteer nie, kom daar onder meer misverstand, onkunde en 'n valse beeld van die kerk (Gaede, 1993:65). In die amptelike samekoms van die Here met sy kerk, juis ook wanneer die lidmate uit verskillende kulturele agtergronde afkomstig is, moet die eenheid tussen Christus en sy kerk, asook die eenheid tussen die lede van die kerk onderling, in alle aspekte duidelik na vore kom.

3. Die kerklied in die erediens

3.1 Prinsipiële riglyne

Van die vroegste tye af gebruik die mens kuns om die wêreld waarin hy leef te probeer verstaan en verklaar. Deur gebruik te maak van verskillende kunsvorms, skep die mens vir hom bepaalde simbole waarmee hy sy ervarings weergee en sin probeer maak uit sy leefwêreld (Barker-Reineke, 2000:140). Musiek is 'n kunsvorm waarmee

oneindig meer uitgedruk kan word as met woorde (White, 1990: 111). In elke kulturele gemeenskap is musiek daarom 'n onontbeerlike kommunikasie-middel waardeur die lede van die gemeenskap met mekaar kommunikeer oor hulle wêreld en wat hulle daarin beleef (Blacking, 1995:227).

'n Erediens sonder sang is byna ondenkbaar. In die kerklied gee die Here die geheimenisvolle gawe van musiek en poësie waarmee Hy geprys en die deelnemers aan die erediens opgebou kan word. Die kerklied kan omskryf word as die lied wat die kerk gebruik as deel van die kommunikasieproses wanneer die gelowiges saamkom om die Here te dien en te aanbid (Smit, 2007:7). In die gereformeerde erediens beklee die kerklied gevolglik 'n belangrike plek.

Die kerklied dien by uitstek daartoe dat die totale gemeente aktief deel kan hê aan die erediens. Om te kan sing, is seker die mees persoonlike manier van musiekmaak. Wanneer hy sing, span die mens sy lippe, tong, hart, gees en verstand daarvoor in. Sy hele menswees word daarby betrek. Geen ander manier van musiekmaak betrek die mens so volledig as juis sang nie. Dit spreek dus vanself dat die kerklied 'n sentrale rol speel wanneer gelowiges uit verskillende kulturele agtergronde saam aan 'n erediens deelneem en so met die Here en met mekaar kommunikeer.

Die doel van sang in die erediens is om lof aan God te bied (Experiencing worship, 2001a), Hom te aanbid, die Woord te verkondig en op sy Woord te reageer (Corbitt, 1998:54-55). Dit het die verdere funksie om geestelike lewe, dinamika en opbou vir elke lidmaat te bring (Moeller, 1998:118). Gemeentesang gaan oor die uitdrukking van die diepste gedagtes en gevoelens van die gemeente (White, 1990:113), op 'n manier wat veel ryker is as die blote uitspraak van woorde (Martin, 1982:45). Wanneer dit deur die werking van die Gees gebeur, en met oorgawe gedoen word, draai gemeentesang die lidmate se harte na God en na mekaar (Moeller, 1998:118) en bring elkeen in die regte gemoedstemming vir die ontmoeting met Hom (Martin, 1982:45) en met mekaar. Deur middel van musiek word 'n veelheid individuele stemme verenig tot 'n enkele stem wat God loof en prys. So kom daar 'n besondere dialoog met God en met mekaar deur middel van woord en melodie.

Die kerklied is 'n kragtige medium om Jesus Christus mee te verkondig. Dit intensiveer emosie, verenig gelowiges in die geloof en lei tot aksie. Volgens Corbitt (1998:89-90) is die sang van die kerk soos 'n banier wat triomfantelik in die gesig van die vyand gewapper word. Die affektiewe karakter daarvan bring die lewende hoop en

opgewonde verwagting van die ewige lewe duidelik in fokus vir elkeen wat dit saamsing. Die kerklied gee lidmate ook bepaalde teologiese metafore waarmee hulle hulle geloof kan uitdruk. 'n Metafoor is iets wat by uitstek kultuurgebonde is. Volgens Burke (2006:32) is die gebruik van 'n metafoor 'n kragtige kommunikasiewyse, omdat dit die mens in staat stel om die wêreld op nuwe en fassinierende maniere te beskou. Metaforiese taalgebruik is een van die belangrikste maniere waarop die mens abstrakte konsepte kan verstaan en in abstrakte terme kan dink (Howe, 2006:60). Deur 'n metafoor kan die mens sy geloof in God op maniere uitdruk waarin hy meer sê as die blote letterlike betekenis van elke woord (Dille, 2004:2). In die teks van die kerklied dien die metafoor dus by uitstek om die geheimenisse van God se omgang met sy kerk uit te druk en te kommunikeer. Omdat die hele gemeente gesamentlik hulle geloof op hierdie manier uitdruk, kan die liedbundel van die kerk ook beskou word as 'n soort belydenisskrif (Corbitt, 1998:216). Om saam te sing, is immers dieselfde as om saam te bely.

In 1 Korintiërs 14:15 kom 'n belangrike beginsel vir die aard en wese van die kerklied na vore. Volgens 1 Korintiërs 14:15 word sowel die *gees* as die *verstand* van die gelowige deur die sing van die kerklied in kontak gebring met die werklikheid van God se teenwoordigheid. In hierdie teksgedeelte, waarin Paulus spesifieke riglyne gee oor die praktyk van die erediens, word die Griekse woorde πνεῦμα (*gees*) en νοῦς (*verstand*) gebruik. Πνεῦμα het te doen met die psigiese, nie-materiële dimensie van menswees en verwys na die mens wat potensieel sensitief en in sy spirituele dimensie ontvanklik is vir die gemeenskap met God (Louw & Nida, 1989:323). Binne die konteks van 1 Korintiërs 14 verwys πνεῦμα in vers 15 na die diepste gesindheid van die hart waarmee die mens bid en sing (Barrett, 1994:320; Johnson, 2004:262; Thiselton, 2000:1112). Πνεῦμα staan egter nie alleen nie, maar staan in 'n noue verband met νοῦς. Die Griekse woord νοῦς verwys na die vermoë van die mens om te kan dink, verstaan, redeneer en besluit (Louw & Nida, 1989:325). Sowel πνεῦμα as νοῦς is belangrik en nodig vir die praktyk van die erediens, en in besonder vir die sing van die kerklied. Die een aspek kan nie sonder die ander nie en moet gesamentlik onder die beheer van die Heilige Gees staan (Thiselton, 2000:1111-1113). Indien πνεῦμα nie teenwoordig is nie, word die sing van die kerklied 'n steriele intellektuele oefening sonder 'n werklike diep hartsgesindheid en spirituele dryfkrag (Morris, 1989:190). Indien νοῦς nie teenwoordig is nie, word die sing van die kerklied 'n gedagtelose, emosionele uiting, wat nie tot opbou van die deelnemers aan die erediens dien nie (Zerhusen, 2006). Sowel πνεῦμα as νοῦς moet in 'n

fyn onderlinge balans in die kerklied en die sing daarvan teenwoordig wees.

Elke gelowige het 'n konstante verlange om eenheid met God en sy medegelowiges te hê. Die meeste lidmate kom na die erediens met kwelvrae, vrese, twyfel of behoeftes in hulle gemoed. Hulle soek die aangesig van God op, om daarin bevestiging en genesing te soek. Terwyl kerkliedere saamgesing word, kom daar by elkeen 'n verskerpte besef van die eie sonde en gepaardgaande struikelblokke in sy verhouding met God. Dit skep by hom die verwagting en afwagting om God te hoor praat in die voorlees van sy Woord en die prediking. Gedra deur die samesang kom daar eventueel genesing op emosionele sowel as intellektuele vlak vir elkeen wat aktief daaraan deelneem (Corbitt, 1998:55). Die kerklied moet dus ook dien as verstaanbare en toepaslike medium waardeur gelowiges die totaliteit van hulle lewe kan ondersoek en verstaan (Martin, 1982:59).

Die opbou van die gemeente deur middel van die kerklied is van kritiese belang. Daarom is dit belangrik dat die kerk ook vir hierdie doel goeie en geskikte liedere in sy liedbundel sal hê. 'n Ontleding van die liedereskat van 'n bepaalde kerk wys duidelik watter positiewe aspekte of leemtes daar in hulle teologie en die uitleef daarvan is (Corbitt, 1998:182-184). Die frekwensie van die gebruik van bepaalde liedere toon eweneens duidelik aan watter klem deur die betrokke kerkverband of gemeente in hulle teologie gelê word. Musiek word dikwels net gebruik vir lofprysing, aanbidding en evangelisering. Aspekte soos opvoeding, genesing, profetiese uitsprake en so meer moet egter ook in die erediens gestalte kry (Corbitt, 1998:17). Hiervoor is die kerklied ook uitnemend geskik.

Corbitt (1998:169) wys daarop dat musiek (en ook gemeentesang) in die erediens 'n bediening is en nie 'n tegniek nie. Dit moet dus nie in die eerste plek gaan oor die instandhouding van 'n bepaalde kunsvorm nie, maar oor die funksionele gebruik daarvan tot opbou van elkeen wat deel is van die erediens. Daarom moet die taal van die kerklied nie platvloers wees nie, maar ook nie oordrewe kunsmatig of hoogdrawend nie (Meyer aangehaal deur Otterman, 1993:78). In alles moet dit die waarheid van die evangelie Skrifgetrou, dogmaties suiwer en duidelik verstaanbaar kommunikeer, sodat die deelnemer aan die erediens se gedagtes voortdurend op God gerig bly. Nie alleen die teks nie, maar ook die melodie moet van so 'n aard wees dat elke lidmaat daarmee kan identifiseer. Moeilik singbare melodieë is nie tydloos nie en kan kwalik dien tot opbou in die erediens (Martin, 1982:59).

3.2 Ontwikkeling in die kerklied deur die eeue

Daar is nie iets soos 'n universele tipe Christelike musiek nie. Tog is die sing van klassieke kerkliedere iets wat talle Christene laat voel dat hulle deel is van die eeue oue liggaam van Christus (Huysen-Honig, 2004). Sang was nog altyd en sal steeds 'n integrale deel wees van die volk van God se omgang met Hom. Die Bybel is vol voorbeelde van gelowiges wat liedere tot God rig (Martin, 1982:49). Vandat die lied van Moses aangehef word ná die deurtog deur die Rietsee (Eks. 15), totdat dit weerklank vind in die lied van die Lam wat die verlostes sing in die vergesig wat Johannes oor die eindtyd sien (Op. 15), word die volk van God geteken as 'n singende volk. In die Psalmsbundel van die Ou Testament word in 'n sekere sin die kulminasie van geloofsbepeinsing gevind wat op verskillende vlakke en deur 'n wye verskeidenheid emosies in woord en melodie weergegee word.

Hoewel daar nie 'n volledige bundel liedere in die Nuwe Testament opgeteken is nie, is dit duidelik dat die Nuwe-Testamentiese volk van God ook gesing het (vgl. Strydom, 1994:19-23). In die Grieks-Romeinse kultusse van daardie tyd was dit 'n algemene gebruik dat himnes gesing is vir die gode wat aanbid is. Volgens Martin (1982: 48) was dit omdat hulle die kloof wat wetenskap en astrologie tussen hulle en die godewêreld gebring het, wou oorbrug. Hierdie gebruik om himnes (met duidelike melodieë) te sing, het mettertyd ook die sang van die vroeë Christelike kerk beïnvloed en in die eerste eeue is stelselmatig wegbeweeg van die spraaksange wat in die tempel en die sinagoges voorgekom het (vgl. Strydom, 1994:15, 24, 32, 38).

In die Middeleeue het Christene sterk op die transendente aard van God gefokus. In die eredienssang het hierdie benadering na vore gekom deurdat in imposante katedrale aanbid is met priesters en kore wat namens die gemeente opgetree het. Ontwikkelings wat oor die algemeen op musiekgebied plaasgevind het, is in hierdie tyd nie in die erediens toegelaat nie (Otterman, 1993:76), hoewel daar veral in die Westerse liturgieë 'n beduidende ontwikkeling in die eredienssang voorgekom het (vgl. Strydom, 1994:37-41 hiervoor). Tydens die laat-Middeleeue het die geestelike verval in die kerk, die ontwakende nasionalisme in Europa asook die klem op die volkstaal as 'n sterk stimulant vir die ontwikkeling van die gemeentelike liturgiese sang gedien (Strydom, 1994:41-42).

Met die Reformasie in die sestiende eeu het die fokus verskuif na die immanensie van God en tesame met die teologiese klem op die

priesterskap van alle gelowiges het dit gelei tot die ontwikkeling van 'n ryke versameling himnodie waaraan elke lidmaat kon deelneem. Die Reformasie het ook 'n klem gebring op die rede van die mens, wat (aangehelp deur die Humanisme en die Renaissance) tot in die helfte van die twintigste eeu 'n bepalende invloed op die liturgie en die gemeentesang uitgeoefen het (Scheer, 2006). Johannes Calvyn was een van die eerstes wat begin het om metriese psalms in die erediens te gebruik. Vir die skep hiervan is hy bygestaan deur die komponiste Claude Goudimel (ca. 1510-1572) en Louis Bourgeois (1510-1562) asook die digter Clement Marot (1497-1544). Calvyn het groot klem gelê op die aktiewe deelname van die hele gemeente aan die eredienssang. Hy het sang sonder begeleiding bepleit en het alleen die Psalms van die Ou Testament en enkele berymings van Skrifgedeeltes in die erediens laat sing (White, 1989:66).

Volgens Grové (2005:11) is die skrale musikale verskeidenheid wat tydens die Reformasie beslag gekry het, sowel as 'n gebrek aan tydige musikale revisie deur die kerke, van die belangrikste aanleidende oorsake daarvan dat dit problematies geword het om die regte aandag te gee aan die behoefte wat daar in die NG Kerk van Suid-Afrika is aan 'n tydgerigte musiekidoom. Daarenteen beleef denominasies waarin musikale ontwikkeling toegelaat word, 'n oënskynlike musikale suksesgolf (vgl. ook Malan, 2005:1). Dit is 'n wesenlike vraag of dieselfde probleem waarmee die NG Kerk te doen het, nie ook geld vir ander denominasies wat uit die reformatoriese tradisie ontstaan het nie.

In die VSA is dit feitlik net die Reformed Presbyterian Church wat steeds (in navolging van Calvyn e.a.) slegs die Psalms in die erediens sing. Die meeste van die ander Protestantse kerke het lank reeds ander liederes (sg. "vrye liederes") vir gebruik in die eredienste aanvaar (White, 1989:76). In Suid-Afrika het die sinode van die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) eers in 2006 begin ondersoek instel na die uitbreiding van die liedereskat, wat die sing van sogenaamde "vrye liederes" in die erediens insluit (GKSA, 2006: 614-626). Dit is 'n ondersoek wat nog nie afgehandel is nie.

Regdeur die geskiedenis van die kerk kan ontwikkeling in die kerklied duidelik gesien word. Dit is 'n voortgaande proses waarin die werklikhede van die leefwêreld waarin gelowiges hulle bevind 'n bepaalde invloed het. Ook vir die kerk van die twintigste eeu in Suid-Afrika is dit 'n werklikheid.

3.3 Hedendaagse tendense met betrekking tot die gereformeerde kerklied

In die postmoderne kultuur van vandag het daar opnuut 'n behoefte ontstaan vir 'n groter klem op die misterie en transendensie van God, wat weens die effek van die Verligting vir eeue nie daar was nie. Dit blyk dat lidmate vandag die Woord van God toenemend wil hoor en beleef (Scheer, 2006). Daar is 'n klemverskuiwing van die rede na belewenis, van die gedrukte media na multimedia en van hoor na doen. Dit bring geleenthede vir vernuwing in die kerk mee – ook wat gemeentesang en die kerklied betref. Omdat daar vandag toenemend sprake is van deelnemende bestuur, demokrasie, kommunikasie en eietydshouding in die kerk, maan Grové (2005:11) tereg dat vernuwing uiters versigtig gehanteer moet word. Daar moet seker gemaak word dat die Bybelse beginsels vir die kerklied gehandhaaf word.

Gereelde Bybelvertalings illustreer die behoefte van die kerk om met eietydse middele in die erediens bedien te word. Met die kerklied is dit ook die geval. Om nuwe liedere daar te stel, is egter 'n uiters ingewikkelde en tegniese proses. Dit verg diep insig en fyn onderskeidingsvermoë en aanvoeling. Dikwels veroorsaak dit 'n spanning tussen die estetiese gehalte en die funksionele waarde van die kerklied in die erediens. Volgens Grové (2005:11) is dit belangrik dat nie een hiervan oorbeklemtoon word nie.

God se heiligheid en almag vereis dat die kerk die beste moontlike musikale uitdrukking tot Hom sal rig in die erediens (Experiencing worship, 2001b). In Romeine 12:1 kom die opdrag duidelik na vore om die totale lewe as offer aan God te wy. Dit is *die redelike godsdiens* wat God van ons verwag. Corbitt (1998:246-248) sien hierin 'n opdrag aan die kerk om voor God die beste te doen wat hy kan, juis ook in die erediens en gemeentesang. Dit kan alleen gedoen word wanneer musikant en lidmaat mekaar hierin ontmoet en gesamentlik daaraan werk om te groei en te verdiep.

Volgens Otterman (1993:75) is daar 'n tendens in die gereformeerde liturgie dat liedere wat tradisioneel net buite die kerk gehoor is, ook in die erediens gebruik word, omdat lidmate toenemend aandring op liedere wat "lekker sing". Wanneer die liedere in die erediens geduseer word tot gemaklike, selfdienende liedere, word die emosionele krag van die totale erediens volgens Saliers (1994:212) verminder en verdof die estetiese kwaliteit daarvan. Maynard-Reid (2000:85) meen egter nie dat die gebruik van "sekulêre" musiekvorme in die erediens problematies is nie. Hy huldig 'n holistiese wêreldvisie

en is oortuig dat die totaliteit van die mens se lewe (derhalwe ook sogenaamde “sekulêre musiekvorme”) deel moet wees van die erediens.

Wêreldwye ekumeniese kontak is geen vreemde verskynsel in die 21e eeu nie. Gelowiges kom toenemend in aanraking met die erediens en kerkliedere van ander denominasies. In die Himnologie word tans besondere klem gelê op die verskynsel van ekumeniese sangbundels, waarin die kerkliedere van verskillende denominasies vervat is. Enkele voorbeeld hiervan is *Cantate Domino* wat in 1974 deur die Wêreldraad van Kerke (Catalogue, 2010) uitgegee is, die *Australian hymnbook* van 1977 en sy opvolger *Together in song* wat in 1999 uitgegee is (Oremus hymnal, 1999), asook die protestantse sangbundel *Colours of grace* (Leuenberg church fellowship, 2007) en die sangbundel *Lambeth praise*, wat tydens die Lambeth konferensie van Anglikaanse aartsbiskoppe van 2008 gebruik is (SCM-Canterbury Press, 2008).

Wanneer lidmate kontak met gelowiges van ander denominasies het, gebeur dit dikwels dat daar ’n behoefte ontstaan om van die liedere in hulle eie erediens te gebruik. Dit kan tot verdere opbou in die geloof lei, hoewel ’n fyn onderskeid nodig is wanneer liedere gekeur word. Scheer (2005) maak in hierdie verband melding van ’n hele korpus kerkliedere in sekere van die moderne evangeliese kerke wat binne die genre van popmusiek geskep is (sogenaamde *praise and worship songs*) en met vrug in die erediens gebruik kan word. Die meerderheid van hierdie liedere bevat aanhalings uit die Ou-Testamentiese psalms, of put minstens hulle inspirasie daaruit. Hy meen egter dat die strukturele vorm van liedere in die moderne popmusiek genre hom nie maklik leen tot die toonsetting van die psalms nie. Moderne popmusiek word merendeels op ’n *vers/koor/brug*-patroon gebou, wat moeilik by die tipiese metrum en vorm van die Ou-Testamentiese psalms inpas. Hoewel hy dit nie totaal afwys nie, staan hy tog redelik skepties teenoor kerkliedere in hierdie genre, omdat die woord-toonverhouding volgens hom in die meeste gevalle nie met hierdie tipe kerklied tot sy reg kom nie.

Kerkliedere word dikwels met die begeleiding van een of meer musiekinstrumente gesing. Die gebruik van musiekinstrumente kan in sekere gevalle egter problematies wees indien die regte beginsels nie daarvoor gehandhaaf word nie. Instrumentale begeleiding moet die eksplisiete funksie hê om die sang in die erediens te ondersteun (Corbitt, 1998:242). Wanneer die volume van die begeleiding te veel of te min is, die kwaliteit daarvan nie goed genoeg is nie en daar ’n

gebrek aan nougesette voorbereiding deur die musici is, kom die musiek as geheel nie tot sy reg nie, word die aandag van die lied afgetrek en gaan die boodskap in die teks verlore.

Wanneer 'n koor of 'n sanggroep as deel van die erediens optree, moet die funksie daarvan beperk wees tot die ondersteuning van die gemeentesang as 'n geheel. Binne die gereformeerde liturgie is dit volgens White (1990:114) onaanvaarbaar indien 'n koor die gemeentesang totaal vervang. Dan word weer teruggeval na die situasie in die middeleeuse Roomse eredienste waar die gemeente net toeskouers was terwyl die liturg of die koor die sang hanteer het. Indien dit met oorleg en goeie liturgiese beplanning gedoen word, kan 'n koor of 'n sanggroep egter 'n meer uitgebreide funksie hê as blote ondersteuning van die gemeentesang. Beurtsang tussen die koor of sanggroep en die gemeente (soos in die sinagogale eredienste gedoen is; vgl. Strydom, 1994:16) en selfs Woordverkoniging (wanneer die koor of sanggroep gepaste liedere op sekere momente in die erediens sing), kan tot verdieping en verryking lei sonder dat die gemeentesang enigsins daaronder ly.

4. Musiek en die kerklied in 'n multikulturele erediens

Musiek, as integrale deel van die erediens, is die stem waarmee Christene hulle geloof uitdruk. Dit gebeur altyd vanuit die konteks van 'n eie kulturele agtergrond. Gevolglik word voorkeure en keuses van musiek in die erediens bepaal deur kulturele voorkeure en estetiese standaarde van lidmate (Corbitt, 1998:50).

In 'n postapartheid Suid-Afrika word ook die gereformeerde kerke meer as ooit tevore gekonfronteer met 'n pluralistiese musikale omgewing. In 'n situasie waar lidmate uit die tradisionele Afrikakultuur saam met lidmate uit die tradisionele Westerse kultuur aanbid, bied dit vanselfsprekend besondere uitdagings. In 'n postapartheid Suid-Afrika waar geworstel word met bepaalde sosiopolitieke werklikhede as nalatenskap van die vorige politieke bedeling, bied dit soveel meer besondere uitdagings.

Musiek is 'n spesifieke manifestasie van kultuur. Dit is 'n produk van sosiale en kulturele prosesse en word binne 'n bepaalde kulturele konteks beoefen (Blacking, 1995:227; Slobin & Titon, 1992:1; Corbitt, 1998:68). Net soos 'n woordelike vertaling vanuit een taal na 'n ander in wese 'n uiters komplekse en ingewikkelde proses is, is dit 'n komplekse proses om musiek vanuit een kulturele konteks (of idioom) na 'n ander te "vertaal". Geen twee tale beskryf die werklikheid op dieselfde manier nie. Elke taal veronderstel en dra sy eie

weergawe van die werklikheid (Gittins, 1989:65). So kommunikeer verskillende musiekidiome die werklikheid ook elkeen op 'n unieke manier.

Die betekenis wat musiek vir die toehoorder het, is 'n belangrike aspek om in gedagte te hou wanneer gelowiges vanuit verskillende kulturele groeperings saam in die erediens aanbid. Wanneer na musiek geluister word, of wanneer dit self uitgevoer word, word deurentyd interpretasie daarvan gedoen. Elke persoon se respons op musiek hang af van die (kultureel-bepaalde) idees wat met die musiek geassosieer word (Titon, 1992:xxi). Dikwels is 'n luisteraar se interpretasie verskillend van dit wat deur die komponis of uitvoerder bedoel word. Dit gebeur omdat musiek aanvanklik aangevoel en dan in eie kulturele kodes omgesit word (Blacking, 1995:228, 241).

Tog is dit vir die mens moontlik om van "vreemde" musieksisteme sin te maak, sonder dat die bepaalde kodes van hierdie sisteme eers aangeleer is. Volgens Blacking (1995:241) is musiek 'n kognitiewe, affektiewe aktiwiteit van die liggaam en is elke mens toegerus met 'n basiese musikale intelligensie. Sekere aspekte van nie-verbale kommunikasie en kognitiewe organisasie vorm deel van die menslike biogrammatika. Wanneer 'n mens na musiek luister en die "grammatika" van die musiek ooreenkom met die musikale biogrammatika van sy liggaam, kan kognitiewe resonans gevoel en begryp word, afgesien van sy eie unieke kulturele of sosiale ervaring. Blacking (1995:239) noem dit die "supra-kulturele kognitiewe resonans". 'n Intuïtiewe begrip van musiek is dus moontlik, omdat die uitvoerder en luisteraar dieselfde aangebore musikale vermoë of intelligensie as die komponis van die musiek besit. Die luisteraar voel in sy liggaam aan wat die komponis van die musiek aangevoel het toe hy dit gekomponeer het. Hierdie gevoelens is 'n essensiële deel van die werking van die menslike liggaam, sodat daar 'n bepaalde ervaring is van eenwees, vervulling en selfaktualisering wanneer musiek gehoor of uitgevoer word (Blacking, 1995:241). Musikale betekenis hang af van die strukturering van klank en dit is die musikale duiding wat mense daarin vind wat kommunikasie deur middel van musiek moontlik maak. Daarom kan 'n mens 'n konneksie maak tussen 'n musikale en non-musikale belewenis, al behoort hy/sy nie aan die spesifieke kultuurgroep waarbinne die musiek ontstaan het nie.

Musiek het derhalwe geweldige potensiaal as intellektuele en affektiewe krag in menslike kommunikasie, die samelewing en kultuur. Dit kan volgens Blacking (1995:242) baie meer effektief gebruik word om 'n vredevolle, gelyke en voorspoedige samelewing daar te

stel. Musiek bied die ideale geleentheid om skeppend te werk te gaan en ook as 'n vorm van gemeenskapservaring te dien waarin groepsentiment uitgedruk word (Corbitt, 1998:54). Dit is egter belangrik om te kan bepaal watter wedersydse invloede daar is (Blacking, 1995:227) wanneer musiek in 'n multikulturele opset gebruik word, aangesien die spesifieke duiding van musiek nie noodwendig so akkuraat aangevoel kan word deur middel van die “supra-kulturele” musikale vermoëns van die mens nie. Effektiewe kommunikasie kan dus in die proses verlore gaan. In 'n postapartheid Suid-Afrika is dit vanselfsprekend van groot belang dat die potensiaal van musiek om eenheid en versoening mee te help sover moontlik in multikulturele eredienste benut word.

Ten spyte van bogenoemde “supra-kulturele” musikale vermoëns van die mens, kommunikeer musiek in 'n sekere opsig ook moeilik wanneer dit oor kultuurgrense gedoen word. Daar is altyd 'n wesenlike gevaar dat die presiese betekenis daarvan verlore kan gaan. In die proses van kommunikasie het elke ontvanger van die boodskap 'n filter waardeur hy die boodskap ontvang. Hierdie filter word deur sy wêreldbeskouing en kultuur gevorm (Corbitt, 1998:118). Verskillende kulture het verskillende konsepte met betrekking tot musiek en liedere. Eers wanneer 'n mens die kulturele konteks van 'n lied verstaan, is dit moontlik om die waarde daarvan in te sien en dit werklik te leer ken. So word musiek sonder dans in die meeste Afrikakulture byvoorbeeld as swak musiek beskou. In die meeste Westerse kulture word die artistieke waarde van musiek beklemtoon, terwyl in die Afrikakulture eerder gesoek word na die funksionele waarde daarvan. In die geskiedenis van die kerk het hierdie problematiek verskeie struikelblokke gebring. Sekere instrumente, asook sekere melodieë word met heidense praktyke geassosieer en deur sommige lidmate as onaanvaarbaar vir die erediens beskou, terwyl ander dit as onontbeerlik vir die erediens beskou (Corbitt, 1998:34, 68).

Wanneer gelowiges uit verskillende kulture bymekaar is, is die uitdaging om saam te kan aanbid en te sing sonder dat die een kultuurgroep die ander domineer of marginaliseer. Die erediens, in al sy aspekte, moet vir elke deelnemer relevant gemaak word, sonder dat iemand sy identiteit inboet of kontinuïteit verlore gaan. Omdat daar 'n wesenlike vrees bestaan dat deelname aan die ekspressiewe handeling die eredienste van “vreemde” Christelike gemeenskappe tot gedwonge assimilasië met so 'n groep sal lei, is daar dikwels 'n negatiewe reaksie by diegene wat daaraan blootgestel word (Corbitt, 1998:51, 70). Die gevaar vir Westerse gelowiges lê

volgens Blacking (1995:223) daarin dat (wat die kerkmusiek betref) ander kulture se musiekidroom benader en beoordeel word suiwer vanuit 'n Europese kunsmusiektradisie (vgl. ook Shepherd, 1991: 58). Omdat elke mens self té subjektief is, kan nie sonder hulp van buite oor die musiekkultuur van 'n ander geoordeel word nie (Slobin & Titon, 1992:13). Alvorens die dieper betekenis van iemand se musiek verstaan kan word, is dit nodig dat die komponis of uitvoerder daarvan eers binne sy eie kulturele konteks leer ken en verstaan word (Titon, 1992:xxiii) voordat interpretasie van die woord en melodie gedoen kan word.

In hierdie opsig is daar twee gevare waarteen gewaak moet word: eksklusiwiteit en selfuitsluiting, of 'n identifikasie met die kultuur van die wêreld, sonder om geloof as antwoord vir die wêreld te bied (Corbitt, 1998:26). Nie een van hierdie moontlikhede dien tot opbou en groei in die koninkryk van God nie. Daarom is dit vir lidmate in 'n multikulturele konteks belangrik om met mekaar te onderhandel oor die inkleding van eredienste, en in die besonder oor die gebruik van liedere, sodat 'n middeweg gevind kan word wat Bybels-verantwoordbaar en vir almal aanvaarbaar is. Dit hou noodwendig in dat elkeen bereid moet wees om sekere dinge te deel en ander prys te gee.

Om gemeenskaplike simbole vir 'n multikulturele erediens te vind, kan slegs die resultaat wees van historiese en sosiopolitieke prosesse. Tydens hierdie prosesse moet gepoog word om kommunikasie-simbole te vereenvoudig en na gemeenskaplike geloofskwessies te soek. Volgens Corbitt (1998:60, 62-65) het ervaring in hierdie verband geleer dat liedere wat reeds algemeen in gebruik is in verskeie kulture van die wêreld, die meeste geslaagd is vir die gebruik in multikulturele eredienste. Dit sluit egter nie die moontlikheid en ideaal van nuwe liedere uit wat mettertyd as deel van 'n nuwe gemeenskaplike geloofsuiting geskep kan word nie.

5. Konklusie

Soos hierbo aangetoon, het die realiteit van die multikulturele konteks waarbinne die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika hom bevind, ook vir die gereformeerde kerke bepaalde en verreikende implikasies. Daar moet toenemend rekening gehou word met die werklikhede en uitdagings wat dit meebring.

Wat die musiek en die kerklied in die gereformeerde erediens betref, is dit nodig dat opnuut ondersoek ingestel word na die Bybelse beginsels daarvoor en hoe dit in die erediens gestalte kry. Die uit-

daging om relevant te bly vir die tyd en vir ontwikkelings op verskillende vlakke, waardeur die huidige sosiopolitieke konteks in Suid-Afrika gekenmerk word, maak toenemend 'n appèl op lidmate en kerklike leiers om binne die konteks van die huidige omstandighede ernstig aan hierdie kwessies aandag te gee.

In 'n multikulturele, postapartheid Suid-Afrika, het die kerk 'n god-gewewe taak om leiding te neem in 'n proses van versoening en eenheid. In die kerklied gee die Here aan die kerk die geheimenisvolle krag van musiek (in die melodie) en poësie (in die bewoording) as 'n uitnemende gawe wat gebruik kan word om versoening en eenheid te bevorder. Wanneer die evangelieboodskap van verlossing in Christus kunstig in woord en melodie gegiet word, sodat dit effektief kommunikeer en sowel die gees as die verstand van die erediensdeelnemers diep aanraak, kan die gereformeerde kerklied daartoe bydra dat daar groeiende begrip, aanvaarding, vergifnis en versoening onder erediensdeelnemers ontstaan, wat in die samelewing oorgedra word. Die realiteit van 'n multikulturele konteks vir die erediens en die kerklied is nie bloot 'n uitdaging wat oorkom moet word nie, maar 'n geleentheid wat aangegryp moet word om kragtig van die vergifnis en versoening deur Jesus Christus te getuig.

Geraadpleegde bronne

- BARKER-REINEKE, M. 2000. Making connections through the arts with commerce and technology. *Musicus*, 28(2):139-141.
- BARRETT, C.K. 1994. A commentary on the first epistle to the Corinthians. 2nd ed. London: Black. (Black's New Testament series.)
- BLACKING, J. 1995. Music, culture and experience. Chicago: University of Chicago Press.
- BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis Books.
- BURKE, T.J. 2006. Adopted into God's family: exploring a Pauline metaphor. (In Carson, D.A., ed. New studies in Biblical theology. Nr. 22. Nottingham: Apollos. p. 23.)
- CATALOGUE. 2010. Cantate domino: an ecumenical hymn book. <http://catalogue.nla.gov.au/Record/1812051> Date of access: 26 Apr. 2010.
- CORBITT, J.N. 1998. The sound of the harvest: music's mission in church and culture. Grand Rapids: Baker Books.
- DILLE, S.J. 2004. Mixing metaphors: God as Mother and Father in Deutero-Isaiah. London: Clark International. *Journal for the study of the Old Testament*, Supplement Series, nr. 398.
- EXPERIENCING WORSHIP. 2001a. Singing = praying? <http://experiencingworship.com/articles/general/2001-10-Transcultural-Aspects-of-print.html> Date of access: 31 Jul. 2006.

- EXPERIENCING WORSHIP. 2001b. Music for worship. <http://experiencingworship.com/articles/general/2001-10-Transcultural-Aspects-of-print.html> Date of access: 31 Jul. 2006.
- GAEDE, S.D. 1993. When tolerance is no virtue: political correctness, multiculturalism and the future of truth and justice. Downers Grove: InterVarsity.
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2006. Handeling van die nege en veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 4 Januarie 2006 en volgende dae en derde addendum van die Emeritaatsversorgingstrust. Potchefstroom: GKSA.
- GITTINS, A.J. 1989. Gifts and strangers: meeting the challenge of inculturation. New York: Paulist Press.
- GKSA
kyk GREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
- GROOME, T. 1994. Inculturation: how to proceed in a pastoral context. (*In* Greinacher, M. & Mette, N., eds. Christianity and culture. London: SCM. p. 120-133.)
- GROVÉ, I. 2005. Gewigtigheid en waardigheid: hoe gereformeerde is die NG Kerk se musiek? *Die vrye Afrikaan*: 11-17, 19 Aug.
- HOWE, B. 2006. Because you bear this name: conceptual metaphor and the moral meaning of 1 Peter. Leiden: Brill. (Biblical interpretation series.)
- HUYSER-HONIG, J. 2004. African-American church music: beyond the myths. <http://www.calvin.edu/worship/stories/abbington.php> Date of access: 31 Jul. 2006.
- JOHNSON, A.F. 2004. 1 Corinthians. (*In* Osborne, G.R., ed. The IVP New Testament commentary series. Leicester: InterVarsity.)
- LEUENBERG CHURCH FELLOWSHIP. 2007. Colours of grace. <http://www.leuenberg.net/3833-0-16> Date of access: 26 Apr. 2010.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2 vols. Cape Town: Bible Society of South Africa.
- LUTHERAN WORLD FEDERATION. 1996. Nairobi statement on worship and culture: contemporary challenges and opportunities. <http://www.worship.ca/docs/lwf.ns.html> Date of access: 31 Jul. 2006.
- MALAN, C. 2005. Kerk en kuns – ongemaklike vennote? *Rapport perspektief*: 1, 21 Aug.
- MARTIN, R.P. 1982. The worship of God: some theological, pastoral and practical reflections. Grand Rapids: Eerdmans.
- MAYNARD-REID, P.U. 2000. Diverse worship: African-American, Caribbean and Hispanic perspectives. Downers Grove: InterVarsity.
- MOELLER, P.A. 1998. Exploring worship anew. St. Louis: Chalice Press.
- MORRIS, L. 1989. 1 Corinthians. (*In* Morris, L., ed. Tyndale New Testament Series. Grand Rapids: Eerdmans.)
- OREMUS HYMNAL. 1999. Index of *Together in Song*, Australian hymn book. Vol. 2. <http://www.oremus.org/hymnal/aus99.html> Date of access: 18 May 2010.
- OTTERMAN, R.E. 1993. Kerkmusiek in verwarring. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 34(1):74-80.
- PADILLA, C.R. 1981. Hermeneutics and culture – a theological perspective. (*In* Stott, J.W.R. & Coote, R.T., eds. Down to earth: studies in Christianity and culture. London: Hodder & Stoughton. p. 63-78.)

- ROXBURGH, A.J. 1993. Reaching a new generation: strategies for tomorrow's church. Downers Grove: InterVarsity.
- RUBIN, B.D. & STEWART, L.P. 1998. Communication and human behaviour. Boston: Allyn & Bacon.
- SALIERS, D.E. 1994. Worship as theology: foretaste of glory divine. Nashville: Abingdon.
- SCHEER, G. 2005. Singing the psalms in modern worship: a review of psalm CDs. http://www.calvin.edu/worship/lit_arts/psalms_hymns/psalm_cds.php Date of access: 31 Jul. 2006.
- SCHEER, G. 2006. Worship composition: looking back, looking forward. <http://www.perspectivesjournal.org/2006/06/essay-looking.html> Date of access: 31 Jul. 2006.
- SCM-CANTERBURY PRESS. 2008. Lambeth praise: overseen by Geoff Weaver. <http://www.scm-canterburypress.co.uk/bookdetails.asp> Date of access: 26 Apr. 2010.
- SHEPHERD, J. 1991. Music as social text. Cambridge: Polity.
- SLOBIN, M. & TITON, J.T. 1992. The music-culture as a world of music. (*In* Titon, J.T., ed. *Worlds of music: an introduction to the music of the world's peoples*. New York: Schirmer Books. p. 1-15.)
- SMIT, E.J. 2007. Die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)
- SPINKS, B. 1993. Liturgy and culture: Is modern Western liturgical revision a case of not seeing the wood for the trees? (*In* Bradshaw, P. & Spinks, B., eds. *Liturgy in dialogue: essays in memory of Ronald Jasper*. Minnesota: The Liturgical Press. p. 28-49.)
- STRYDOM, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore": liturgie en lied. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- THISELTON, A.C. 2000. The first epistle to the Corinthians: a commentary on the Greek text. Grand Rapids: Eerdmans.
- TITON, J.T., ed. 1992. *Worlds of music: an introduction to the music of the world's peoples*. New York: Schirmer Books.
- VAN DER WALT, B.J. 1999. Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling: 'n ontmaskering van die gode van onderontwikkelde Afrika en oorontwikkelde Weste. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. (IRS, reeks, F2. Nr. 76.)
- WHITE, J.F. 1989. Protestant worship. Louisville: Westminster John Knox Press.
- WHITE, J.F. 1990. Introduction to Christian worship. Nashville: Abingdon.
- ZERHUSEN, 2006. The problem of tongues in 1 Corinthians 14. http://www.alliancenet.org/partner/Article_Display_Page Date of access: 31 Jul. 2006.

Kernbegrippe:

gereformeerde erediens
gereformeerde kerklied
kultuur
multikulturele konteks

Key concepts:

culture

multicultural context

reformed liturgical song

reformed worship service

